

## **VERSLAG AAN DIE 2012 ALGEMENE JAAR VERGADERING VAN DIE SA BOERPERD TELERSGENOOTSKAP**

### **HELEEN POPE: PORTEFULJE – ADMINISTRASIE, MERIETE EN ERE-KLEURE**

Die afgelope jaar is verskeie offisiële dokumente op datum gebring en op die webblad gepubliseer. Een van die belangrikstes was die Bylae's tot die Grondwet wat lank reeds uitstaande was en agterweë gebly het. Reëls en regulasies met betrekking tot DNS, vereistes en opleiding van Beoordelaars en Keurders, Veilings, Fooie struktuur, Skoureëls ens. is nou alles op datum en word vervat daarin.

Skoureëls moet in konteks met die Handleidings gelees word want dit is waaruit dit spruit en ontwikkel en daar is vele meer regulasies wat vervat word daarin. SANEA reëls en regulasies, met uitsonderings daarop, soos vervat is in die Skoureëls, is van toepassing vir die Universele klasse. By Dresseer en Skouspring sal net SAEA reëls geld, behalwe die opwarming van perde, geen ander uitsonderings sal by die dissiplines geld nie.

Merietes en Ere-Kleure het hierdie jaar gesorg vir 'n groot uitdaging aangesien die rekenaar program uitslae van die afgelope skoue van 2012 nog baie foute en onvolledige skou resultate het. Daar is wel alreeds van die uitslae op Logix geplaas onderaan die perd se registrasie besonderhede. Ons wil graag poog om in die volgende termyn die skou uitslae van vorige jare ook op die stelsel in te voer sodat Merietes outomaties aan perde toegeken kan word en lede nie meer aansoek hoef te doen daarvoor nie. Daar is seker so 10 jaar se skou uitslae wat nog op die program aangebring moet word. Ere-Kleure is nog 'n nuwe bykomende program en dit sal ons met die rekenaar programmeerder bespreek en uitklaar nadat die Meriete toekennings heeltemal korrek en effektief funksioneer.

Die volgende perde was suksesvol met aansoeke vir Meriete toekennings:

1. Jurust 86 Fire – Jurust Stoet – 5-Gang – Brons 56 punte
2. Langsig Paran – Luca Hartman – Ryklasse – Brons 41 punte
3. Carel Hancke Joe Black – Kylin Stoet – Ryklasse – Brons 60 punte
4. Lang Carel Oscar – Kylin Stoet - Ryklasse – Goud 105 punte
5. B3 Koraal – Kylin Stoet – Bouvorm – Goud 85 punte
6. B3 Koraal – Kylin Stoet – Ryklasse – Goud 142.5 punte
7. Calela Oscar – Tokoza Stoet – Bouvorm – Silwer 56 punte
8. Mahashi Euro – Nikka Stoet – Ryklasse – Goud 107 punte
9. Henka Mooinooi – Wenners Stoet – Tuig en 5-Gang - Silwer 83 punte
10. Calista Generaal – Hoefstraat Stoet – Ryklasse – Brons 64 punte
11. Goudhoek Willem – Hoefstraat Stoet – Ryklasse – Brons 61 punte

12. Lang Carel Viceroy – Hoefstraat Stoet – Ryklasse – Brons 65 punte
13. Michmar Dolfyn – Hoefstraat Stoet – Ry- en Tuig klasse – Silwer 76 punte
14. Opstaan Hoefstraat – Hoefstraat Stoet – Ryklasse – Goud 116 punte
15. Calela Weepee – Calela Stoet – Ryklasse – Diamant 314.5 punte
16. Calela Lourier – Calela Stoet – Ryklasse – Goud 110.5 punte
17. Calela Laventel – Calela Stoet - Bouvorm – Silwer 68 punte
18. Calela Voorspoed – Calela Stoet - Bouvorm – Goud 111.5 punte
19. Calela Voorspoed – Calela Stoet – Ryklasse – Goud 119.5 punte
20. Calela Landman – Calela Stoet - Ry- en Tuig Klasse – Platinum 205.5 punte
21. Calela Okapi – Calela Stoet – Ryklasse – Brons 55 punte
22. Calela Longtom – Calela Stoet – Ryklasse – Goud 104.5 punte
23. Uitblink Koning – Elaine Erasmus – Ryklasse – Goud 100 punte
24. Uitblink Koning – Elaine Erasmus – Bouvorm – Brons 26 punte
25. Edel Eta – Margaux Roux – SAEA Skouspring – Brons 51 punte
26. Mooihoek Bravo – Zeld Prinsloo - KZNHS & SAEA – Silwer 69 punte
27. Mooihoek Biljet – Mooihoek Stoet – Enkeltuig – Brons 45 punte
28. Vlampie's Cha-Cha – SAB Krog Stoet – Bouvorm – Brons 26 punte
29. Vlampie's Cha-Cha – SAB Krog Stoet – Ry en Tuig – Goud 100 punte
30. Vlampie's Cha-Cha – SAB Krog Stoet – Ry en Tuig – Platinum 229 punte

Die volgende Ruiters verdien hulle Ere-Kleure en ontvang 'n sertifikaat asook 'n balkie vir die dissiplines tydens SA Boerperd skoue waarin hulle presteer het. Dra dit met trots en eer. Baie geluk aan:

1. Diedre Cloete – Ruiterkuns - 28 punte
2. Mia Joubert – 3-Gang – 38 punte
3. Kristen Joubert – 3-Gang – 32 punte
4. Linda Meintjes – 3-Gang – 27 punte
5. Maugaux Roux – Skouspring – 33 punte

Dit was ook vir my 'n voorreg om namens die Genootskap as Beskermheer op te tree tydens 'n baie suksesvolle Devondale Stoet veiling in Mei 2012. Dit was professioneel aangebied en alle dokumentasie was korrek en beskikbaar. 'n Volledige verslag daarvan is by die Raad ingedien.

Weereens was Horse of the Year 2012 in Februarie 'n toonvenster vir ons ras en dit lê my na aan die hart. Sandra Bosman het opgetree as beoordelaar en haar uiters goed van haar taak gekwyd. Die standaard van die perde en vertoners is hoog en dit bly 'n belangrike item op die SA Boerperd kalender. Vir die tweede keer het ons ook tuig klasse aangebied en is dit 'n item op die program wat ons moet bou en groei aangesien ons min rasse is (SA Boerperde, Friese en Welsh ponies) wat daaraan deelneem. Aangesien dit ook 'n item op die Opperste Kampioenskap is waar ons teen die ander rasse kan meeding sal ons graag ook van die Tradisionele enkeltuig perde daar wil sien. Dankie aan al die deelnemers, lede en vriende

wat ons ondersteun het, dit was 'n voorreg om die SA Boerperd afdeling van die spesiale skou vir die 13de keer te kon organiseer.

Ek het ook 'n wakende oog gehou oor al die "Face Book" groepe wat deur lede en Klubs gestig is ter bevordering van ons ras en wat interessante gesprekke ontlok en insiggewende informasie deurgee. Enige negatiewe, skadelike opmerkings en/of gesprekke het ons so gou as moontlik verwyder of laat verwyder. "Vriende" van hierdie verskillende groepe is entosiasies en 'n hele nuwe wêreld vir die SA Boerperd, in al sy unieke fasette, het oop gegaan. Dit is beslis 'n aanwinst en bevorder ons ras uit 'n heel ander spektrum. Net een van hierdie FB groepe, "SA Boerperd Telersgenootskap", is officieel en gekoppel met die webblad en hierdie groep deel hoofsaaklik met ofisiële kennisgewings en administrasie van die Genootskap.

Dankie,

Heleen Pope